

22 September

**Skrifgedeelte: 2 Kronieke 7 en 8**  
**Fokusgedeelte: 2 Kronieke 7:17-18; 8:7-16**

### **Net Een kan ons die rus inlei**

In 1 Kronieke word koning Dawid as 'n "tweede" Moses voorgehou. Hy het die volk uit die slawerny en leierloosheid van die rigtertyd verlos, soos Moses die volk uit Egipte, die plek van slawerny, uitgelei het. Dawid kon nooit rus van sy vyande nie en is verbied om die tempel te bou, net soos Moses die voorreg ontsê is om die volk die beloofde land binne te lei.

Salomo word vergelyk met Moses se opvolger, Josua. Beide Salomo en Josua het hulle voorgangers se werk voltooi en die volk in 'n tyd van rus ingelei. Josua word telkens genoem: dienaar/kneg van Moses. Salomo word in die hoofstukke wat ons tot dusver gelees het, telkens herinner dat hy die seun van Dawid is. Wanneer hy die tempel bou, voer hy maar net uit wat God aan sy pa belowe het. Dawid het die aanvoorwerk gedoen: Hy het die wydingsgeskenke gegee (2 Kronieke 5:1) en vooraf die orde vir die Leviete voorgeskryf (2 Kronieke 8:14).

Soos Josua die volk nie werklik die rus kon laat ingaan nie (Heb 4:8), kon Salomo die volk nie die ware rus verskaf nie. Hy kon dit nie eers op die tydelike, aardse vlak doen nie. Al beteken sy naam "vrede", was Salomo die vors van geweld. Sy "vrederyk" is gebou op harde slawe-arbeid van nie-Israeliete (2 Kron 8:7-8) en op 'n sterk leer, waarin elke weerbare Israeliet moes diensplig doen (2 Kron 8:9). Hy kon vrede met sy buurlande handhaaf deur met hulle vorste en konings se dogters te trou (1 Kon 11:1-8; 2 Kronieke 8:11) en op die prestasies van sy pa te rus.

Net een kan ons die ware rus laat ingaan: Hy wat in al sy heerlijkheid groter as Josua en Salomo is – Jesus Christus. Laat ons ons beywer om in daardie (ewige) rus in te gaan (Heb 4:11).

*Sing: Psalm 72:2*

*Prof PP Krüger (Teologiese Skool Potchefstroom)*